REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE KOMMISSIE VIR ARGIEF EN INLIGTING (AKAI)

1. NAAM

Algemene Kommissie vir Argief en Inligting (AKAI).

2. SAMESTELLING

2.1 Die argivarisse of persone belas met die argiewe van sinodes plus die voorsitter/verteenwoordiger van elk van die betrokke kommissies.

2.2 Deskundiges beperk tot ’n maksimum van drie gekoöpteerde persone.

3. OPDRAG

Die Kommissie

3.1 adviseer die Algemene Sinode

3.1.1 in verband met die argiefreglemente en handleidings vir die gebruik deur sinodes;

3.1.2 met betrekking tot die publisering van belangrike historiese bronne en ander kerkhistoriese publikasies;

3.2 sien toe dat die stukke van die Algemene Sinode en sy kommissies in die aangewese kerkargiefbewaarplek versorg en ontsluit word;

3.3 sien toe dat inligting vir *In Memoriam* verslae volgens die prosedure in die Argief- en Museumbeleid tussen sinodes uitgeruil word.

4. KONSTITUERING EN VERGADERINGS

4.1 Die Kommissie konstitueer en vergader hoogstens drie maal tussen twee vergaderings van die Algemene Sinode.

4.2 By die konstituering word ’n dagbestuur saamgestel, bestaande uit die voorsitter, ondervoorsitter en skriba.

4.3 Die Kommissie benoem subkommissies volgens behoefte.

5. REKORDBEHEER

5.1 Gemeentes beskik oor hul eie argivalia en lewer dit by die betrokke argief in vir bewaring, volgens die riglyne in die Agenda van die Algemene Sinode 1998, bl 142v.

5.2 Kommissies van die kerk in breër verband lewer gereeld hulle argivalia (alle stukke ouer as tien jaar) by die betrokke argief in vir bewaring.

5.3 Waar ’n gemeente met ’n ander gemeente verenig, word alle gemeentestukke van die gemeente wat sluit, behalwe dokumente van die laaste 5 jaar en die gemeenteregisters, by die argief ingehandig vir bewaring voor datum van eenwording.

5.4 Gemeentes wat ophou bestaan, lewer voor datum van ontbinding alle argivalia by die betrokke argief in.

5.5 Argiefskeppende instansies en amptenare moet by die inlewering van argivalia, die argief adviseer met betrekking tot stukke wat gesluit behoort te word, asook die tydperk. Sulke stukke is vir navorsers gesluit en word alleen beskikbaar gestel met goedkeuring van die argiefskeppende instansie, of indien die argief deur ’n hof daartoe gelas word.

5.6 Argiefskeppende instansies moet behulpsaam wees met die versameling en bewaring van ongepubliseerde verhandelinge (teologiese/historiese navorsing), gemeenteblaaie, fotomateriaal en akoestiese materiaal.

5.7 Vir doeltreffende rekordbeheer word die Riglyne vir die Bewaring van Kerklike Dokumente aanvaar as beleid. (Agenda van die Algemene Sinode 1998, bl 142).